



blitSIG



Welkom!!

Ons vier vandag as gemeente vandag saam Nagmaal.

Ons het die voorreg om weereens tot die besef te kom dat hierdie geleentheid 'n geestelike maaltyd is waarin Christus Homself en al sy gawes aan ons gee. Hy laat ons deel kry aan Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe.

Hy voed en versterk ons geestelike lewe en vertrou ons in ons troosteloosheid as ons sy liggaam eet.

Net so verkwik en verfris Hy ons geestelike lewe as ons sy bloed drink.

VANDAG
16 September 2018

**09:00 Gesamentlike Diens,
Nagmaal**

Dr. Tinus van Zyl
in die kerkgebou

Jeuggroepe, Voorskool – Gr. 5

Ons staan vandag stil by

Psalm 6

Praying our tears

Alive
Breathe · Awake · Thrive

18:00 AANDDIENS, Nagmaal

Ds. Wynand Breytenbach
The uprising of partnership

Nuut hier by ons??

Kom ontmoet ons deur jou besonderhede te gee by die INLIGTINGSTOONBANK (Gemeentesentrum direk na die diens) of skakel die kerkkantoor gedurende die week by 021 975 6370. Ons vertrou dat jy/julle in Durbanville Gemeente werklik 'n tuiste sal vind.

DAGBOEK

Wat gebeur hierdie week?

Di. 18 September

08:00 Gebed en Stilword
Kerkraad- / Bedieningsvergadering

Wo. 19 September

18:00 -19:00 Koor

Do. 20 September

08:00 Nagmaal en Gebed

Vr. 21 September

06:00 - 06:45 Mannebediening

BOME OP EILAND VOOR KERKGEBOU

Diegene wat kennis dra van die Ficus Benjamina (Ficus) boom sal weet dat dit 'n boom is met 'n verskriklike aggressiewe wortelstelsel.

In die verlede moes die kerk al die munisipaliteit nader om die wortels af te sny omdat dit die teerarea en sypaadjieblokke lig. Ons sit tans met dieselfde probleem. Die munisipaliteit het intussen aangebied om die bome te verwyder op hul onkoste en te vervang met geskikte inheemse bome volgens hulle lys van aanbevelings.

Indien enige lidmaat beswaar teen die uithaal van die bome en die herplant van nuwe bome het, kan u beswaar aanteken per epos by jackie@durbanvillegemeente.co.za OF u kan dit per hand by die kerkkantoor kom aflewer vir aandag: Die Bestuurder: Steundienste Jackie Pretorius.

Sluitingsdatum: 25 September '18

VOLGENDE SONDAG

23 September

09:00 *Gesamentlike Klassieke Diens*

Ds. Rian Verster

in die kerkgebou

Geen Jeugaktiwiteite agv die langnaweek nie.

Waarna kan ons uitsien?

Ma. 24 September

Erferisdag

So. 07 Oktober

Lentetee

Sa. 13 Oktober

Kerkraad Beplanningsoggend

LERING:

God se wil vir
my lewe

**LEER KEN JOUSELF:
ONTHOU WIE JY IS**

**26 SEPTEMBER 2018.
DE OUDE CAAB GASTEHUIS
11:00 EN 18:30. BESPREEK JOU PLEK
BY DIE KERKKANTOOR**

Kontakbesonderhede

DS. WYNAND BREYTENBACH

wynand@durbanvillegemeente.co.za

(Sel): 071 640 9797 / (K): 021 975 6370

VOORBIDDING

Ons bid vir lidmate wat siek is of besig is met behandeling.

Attie Barnard
Matthys Mostert

Marlena Cloete is oorlede en ons bid vir troos vir haar familie en vriende.

Ons wil graag vir elkeen wat in nood verkeer, bid of julle besoek. Laat weet asb. vir Christa by ons kerkkantoor.



NOW HIRING!

LIFE SKILLS FACILITATOR

Full time

Short term contract - October 2018 to May 2019

Conducting training across all training sites

Previous facilitation or training experience **would be favourable**

FISANTEKRAAL
Centre for Development
Equipping people for a meaningful life

SEND YOUR CV TO TRAINING@FISANTEKRAAL.ORG.ZA

KAN JY HELP??

BADISA se studente hou hul gemeenskapprojek op 27 September en is opsoek na 30 hotdogs vir die geleentheid.

Kontak die kerkkantoor indien jy betrokke wil raak.

SINODALE DEURKOLLEKTE

Ons deuroffers gaan vandag aan

Bediening aan die Jode

Die Simcha Bediening aan Jode word behartig deur dr Francois Wessels en me Cecilia Burger in Kaapstad en omgewing.

Die doelstellings van Bediening aan die Jode is:

- om na individuele Jode uit te reik met die evangelie van Jesus as Messias en Verlosser;
- deur betrokkeheid by die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel mee te werk om 'n geestelike tuiste vir Messiaanse Jode (Joodse Christene) te skep.

Sodoende word 'n individuele en kollektiewe getuie dat Jesus ook vir Jode die Messias en Here is, uitgedra. Die evangelie word uitgedra deur Bybelstudiegroepe, huisbe-soeke aan individue en eredienste in die gemeente Beit Ariel.

Hoe kan ek betrokke raak?

Dr Wessels en me Burger is beskikbaar vir optredes in gemeentes en om lidmate te skool in die kommunikasie van die Evangelie aan Jode.

KONTAK

Francois Wessels 021 919 5903 / 060 961 3071

Cecilia Burger 021 422 4841 / 083 232 0628

Magnolia ACVV-Dienstak hou basaar op 29 September om 09:00. Baxterstraat, BELLVILLE.

Heerlike tuisgebak, nagereg, gevulde pannekoek, skaapkerrie en rys, gegeurde maalvleis en rys en nog vele ander lekker geregte sal te koop wees. Kom kuier en geniet 'n heerlike oggend saam met ons.

 SnapScan



VISA  Works with 



Offergawes en spesiale
bydraes kan ook d.m.v.
SNAPSCAN gegee word. As u
'n slimfoon het, is dit baie
maklik. Laai net die
SNAPSCAN App af en volg
die instruksies.

Durbanville / Bergsig SENIOR KLUB

Ons uitstappie na Klub Mykonos is op
DONDERDAG 27 September 2018.

Die bus vertrek om 08:45
vanaf Bergsig Gemeente.

LENTETEE

**Ons vier weer Lente in die kerk
se pragtige tuin!**

Ons vra dat u weer hierdie jaar sal blomme
bring en 'n bordjie eetgoed (soet of sout)
07 OKTOBER 2018 na die eredienste.

In dieselfde asem dank ons ook die Vader vir
die goeie REËN wat ons ontvang het.



KERKKANTOOR BESONDERHEDE

Tel: 021 975 6370

E-pos:

ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

Webblad:

www.durbanvillegemeente.co.za

Facebook:

Durbanville Gemeente

Instagram:

@durbanvillegemeente

Twitter:

@Dgemeente

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak,

Rekeningnommer: 141 058 0019

Naam: NG Gemeente Durbanville

Verwysing bv. Pienaar/MDO



DURBANVILLE 4 JESUS

WORSHIP NIGHT

12 OCT 2018

19:00-21:30 • OAKHILL

Register online @ www.D4J.co.za



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA Sinode van Wes-Kaapland

SINODALE KANTOOR

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaat sak X8
BELLVILLE
7535

PBO: 9300 13251

T 021 957 7100
E ngkadmin@kaapkerk.co.za
www.kaapkerk.co.za

11 September 2018

Aan predikante en voorsitters van kerkrade

Beste kollega

'n Oorsig oor die vergadering van die moderamen op 28 en 29 Augustus 2018

Die moderamen was andermaal 'n bemoedigende en inspirerende vergadering. Daar bestaan 'n diep bewussyn van die oormaat seëninge wat hierdie sinode beleef. Die vergaderings van die moderamen het 'n ruimte geword waar geloofsonderskeidend onbevange geluister word na die Here, maar ook na mekaar. Dit skep 'n inklusiewe ruimte waar lede hulle verhale van geloof en genade kan deel, maar ook hulle bekommernisse en opinies sonder vrees kan uitspreek.

Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die moderamen, het verwys na die uitdagende tye waarin ons in die Suid-Afrikaanse konteks van onsekerhede en transformasie leef. Die werklikheid is dat hierdie uitdagende tye in die kerk se geskiedenis juis die tyd is om helder te onderskei wie en wat die kerk werklik is en wat ten diepste geglo word. Hy het die vergadering herinner dat God self sy kerk, as bruid van Jesus Christus, ernstig neem en dat ons juis daarom nie een oomblik moet verslap om die kerk en die roeping en rol van die kerk ernstig te neem nie.

Die moderatuur van die **Calvynse Protestantse Kerk (CPK)** het besoek afgelê by die moderamen. Die moderator, ds. Jan Cloete, het tydens 'n spreekbeurt geen geheim gemaak van die CPK se strewe na groter samewerking met die oog op eenheid met die NG Kerk, nie. Hy beklemtoon die gedeelde belydenisgrondslag van die twee kerke. Die feit dat armoedeverligting en restitusie op die agenda van die moderamen is, resoneer volledig met die visie van die CPK. Die moderamen het dan ook besluit op groter samewerking op gemeente- en ringsvlak tussen die CPK en NG Kerk. Verteenwoordigers van die CPK is ook genooi na die vergaderings van diensgroepe en om besoek af te lê by die sinode van 2019. Die CPK nooi op sy beurt gemeentes van die NG Kerk deel te neem aan hulle "Unity Sunday" (Hervormingsfees), op die

SINODE WES-KAAP: MODERAMEN AUGUSTUS 2018

Spiritualiteitsentrum en nuwe bane van teologiese opleiding 	 Kerkorde vir missionale kerk	Integrasie van vroue in leierskap 
Selfdegeslagverhoudings - ekklesiologie van diversiteit 	Rentmeesterskap en gemeentestruktuur 	Rentmeesterskap en gemeentestruktuur 
HULPFONDS  Badisa DIACONIA Gee van jouself NOODVERLIGTING Nuwe moontlikhede vir heling, ondersteuning, florering - én VKO met Badisa en Diaconia	Gemeentes se publieke getuienisrol in gesprekvoering tydens protesaksie 	Wat kan volhoubaar anders gedoen word om jong volwassenes vanuit egte verhoudings "fully alive" te laat leef? Gotta Love Millennials
Rol en roeping van kerk ROEPING 	Groter samewerking met CPK 	

laaste Sondag van Oktober – die 28ste. Die CPK se gemeentes is ook uitgedaag om 'n diens in hulle naaste NG gemeente by te woon met die oog op die bou van verhoudings op gemeente- en ringsvlak.

Die **millennials** het ook besoek afgelê by die vergadering. Dié jong volwasse leergemeenskap het namens die Taakspan vir Jeug- en Familiebegeleiding die moderamen gehelp om verder te dink oor die vraag: "Wat kan volhoubaar anders gedoen word om jong volwassenes vanuit egte verhoudings "fully alive" te laat leef. Vier goed is vir millennials belangrik: 1) konneksie, 2) wysheid van mentors, 3) geloof (die feit dat jongmense die kerk verlaat omdat hulle 'n ander spiritualiteit het, beteken nie dat hulle hulle geloof verloor het nie) en 4) roepingsbewustheid (millennials soek 'n plek waar hulle 'n verskil kan maak). Die vergadering is uitgedaag om na te dink oor die vraag: "Wat kan gedoen word om die millennials 'n stem te gee in die kerk en in gemeentes spesifiek?"

Braam Hanekom van die Sentrum vir **Publieke Getuienis** het met die vergadering gepraat oor wat gemeentes in tye van plaaslike protesaksie en anargie doen. Hy beveel aan dat een van die heel eerste en beste dinge wat gemeenteliekers in sulke situasies kan doen, is om die regte mense om die tafel te kry. Kerke kan 'n wonderlike rol speel, maar die NG Kerk moenie probeer om dit alleen te doen nie. Sluit vennootskappe met alle geloofsgemeenskappe en praat as 'n verenigde stem binne die plofbare situasie wat in plaaslike gemeenskappe ontstaan. Daar is genoeg bewyse van die betekenisvolle impak wat kerke op hierdie wyse het, maar dit vra tyd, energie en leierskap. Moenie terugdeins om te praat oor behuising, grondhervorming, restitusie, opvoeding, sekuriteit en werksgeleenthede nie.

Die kerk het eintlik 'n ongelooflike geleentheid om weer sy rol en plek in die samelewing en op plaaslike front in te neem.

Uit **Diaconia** se verslag is dit duidelik dat die diensgroep se fokus op heling en florerende gemeenskappe is. Baie is gedoen om die brûe tussen Diaconia en Badisa te herbou. Gemeentes word herinner aan die "omgeegeld" (hulpfonds) wat beskikbaar is vir gemeentes in nood – en dan ook veral ook waar die droogte gemeenskappe nou eers ruk, mense se menswaardigheid aanraak. Die uitgerekte en uitmergelende impak van die droogte in die sinodale gebied het die moderamen vir 'n oomblik tot swye gedwing, terwyl daar ernstig gebid is oor hierdie diep emosionele saak. Onder die vele getuïenisse van God se werk deur sy kerk om gemeenskappe te help floreer, het **Nioma Venter** die goeie nuus gedeel oor die vestiging van Badisa en Diaconia se gesamentlike program vir vroeëkindontwikkeling vir innoverende samewerking tussen gemeente diakonale werksaamhede en professionele maatskaplike dienslewering! Daar is groot dankbaarheid vir die noue bande tussen Badisa en Diaconia wat hierdeur bevestig word en daar is opgewondenheid oor die nuwe moontlikhede wat ontsluit word.

Bossie Minnaar, saakgelastigde, het die verantwoordelikheid van gesonde rentmeesterskap van die sinode se fondse onderstreep. Die sinode het weereens 'n skoon audit ontvang – tekenend van die hoë premie wat hierop geplaas word.

Gemeentes word uitgenooi om aan te klof vir hulp by die gemeente-ondersteuningsfonds. Tans staan die fonds op R42 miljoen. Die rente daarop beloop tans R8 miljoen en dit is beskikbaar vir gemeentes wat hulp nodig het, selfs nog in hierdie finansiële jaar. Dit gaan egter nie net oor gemeentes wat in 'n oorlewingstryd is nie. Ringe en gemeentes wat spesiale projekte aanpak, veral gerig op kerkeenheid, nuwe gemeenteontwikkeling en die bou van verhoudings met die VGKSA, is welkom om aansoek te doen om befondsing. Kry die nodige inligting op <http://kaapkerkadmin.co.za>. Klik daar op "Sinodale aandeel" en "Gemeenteondersteuning". Daar is selfs fondse beskikbaar vir gemeentes om Bybels te versprei tydens uitreike van die gemeente. Kontak die kantoor van die saakgelastigde by ngkadmin@kaapkerk.co.za of 021 957 7104.

Leer en Aktuele Sake (STLAS) het verslag gedoen oor die terugvoer van gemeentes rakende selfdegeslagverhoudings. Hierdie terugvoer toon 'n duidelike verskil tussen hoe gemeentes enersyds dink oor mense wat in selfdegeslagverhoudings leef, en wat hulle andersyds dink die Bybel daaroor sê. Verder is dit duidelik dat kerkrade die reg wil hê om hul eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël. Hierdie reg moet deurentyd respekteer word. Die moderamen is van mening dat hierdie uiteenlopende besluite en standpunte eintlik die weg vir diversiteit open. Dit is belangrik dat 'n ekklesiologie van diversiteit ontwikkel word en dat almal leer om met diversiteit saam te leef. Die ideaal sal wees dat die sinode nie in 'n dwangbuis beland om 'n verdelende besluit oor hierdie saak te neem nie, maar dat die sinode as vergadering getuig en sê wat sy gemeentes hieroor getuig. STLAS sal nou 'n proses aktiveer waar gemeentes hieroor gekonsulteer word. Materiaal sal aan gemeentes gestuur word en gemeentes sal versoek word om dit te bespreek en daarop te reageer.

Die integrasie van **vroue** in die leierskap van die sinode is vir die moderamen belangrik. Die gesprek het egter wyer geloop en sluit nou voorstelle in wat die integrasie van vroueleiers op kerkraad- en ringsvlak ook raak. Die Regskommissie is versoek om voorstelle voor te berei sodat die reglemente van die sinode dienooreenkomstig aangepas kan word by die sinode van 2019.

Daar word al 'n geruime tyd gewerk aan 'n kerkorde vir 'n **missionale** kerk. Die moderamen het nou 'n konsepraamwerk goedgekeur en die regskommissie werk onverpoos aan die dokument. Die ideaal is om die kerkorde vir 'n missionale kerk gereed te kry sodat dit as 'n voorstel (beskrywingspunt) by die volgende vergadering van die Algemene Sinode kan dien.

Die voorgenome **konvent** saam met die VGKSA (Kaapland) gaan nie meer voort nie. Die moderatuur sal egter voortgaan met gesprek met die oog op die eenheidsproses tussen die twee kerke. Verder word gemeentes en ringe aangemoedig om op plaaslike vlak voort te gaan met eenheidsprosesse en die implementering van die Tussenorde.

Die werk by die **Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit** vorder fluks en die opgewondenheid is aan die oplaai om die sentrum in die begin van 2019 te open. 'n Verdere ontwikkeling wat hiermee verband hou, is die ontwikkeling van vyf nuwe bane van teologiese opleiding wat die Algemene Kuratorium ontwerp het. Teologiese opleiding beteken nie meer net ses jaar voltydse opleiding op Stellenbosch nie. Daar is nou vyf nuwe bane naamlik bedienaars (kerkraadslede) met preekbevoegdheid asook pastoraat, jeug en familie, kerkplanting en barmhartigheid. Die strategie is om 'n missionale kerk te wees en nie meer 'n kerk waar net dominees kan bedien nie. Die diensgroep het 'n doelwit gestel om die volgende vyf jaar 'n 1000 sulke mense op te lei. Dit gaan meebring dat die Hugenote Bybel Instituut by Hugenote Kollege, die Nehemia Bybel Instituut by Bybel-Media, en die Andrew Murray Spiritualiteit Sentrum (AMSS), geïntegreerd saam sal werk met die oog op lidmaattoerusting. Die AMSS is beslis nie net gerig op predikante nie, maar ook om kerkraadslede en lidmate toe te rus vir hulle dienswerk. Die moderamen het aan die SKS die mandaat gegee om binne die raamwerk van die bestaande personeelbegroting kapasiteit te skep vir hierdie werk.

Seënwense



Ds Charl Stander

Aktuaris van die Sinode

084 234 1155 | charl@parke.co.za